8 Junie 2015

Liewe Uitstaller

Jy het in Maart 2015 'n stalletjie gehad by Ermelo se skou. Alhoewel jy 'n vorm geteken het waarop 'n paar artikels gelys is wat jy nie in jou stalletjie mag verkoop nie, bv. Laser-liggies, het jy dit nogtans verkoop.

My seun wat 12 jaar oud is het 'n groen laser-liggie gekoop. Hy het die 16de Maart uit nuuskierigheid gekyk hoe lyk die verskillende patroontjies wat die liggie maak.
Die 17de Maart toe ek hom by die skool gaan haal het hy vir my gesê sy oë sien dof en hy het gesukkel om te lees. Ek het dadelik 'n afspraak gemaak. Ons het die volgende dag na dr. Bhika, 'n oogkundige in Ermelo gegaan. Hy was geskok toe hy die fundus-foto van my seun se oog geneem het. Hy het met sy regter-oog 'n swart kol gesien in die middel. Hy kon net met die kante van sy regter-oog sien. Hy het 80% van sy sig in sy regter-oog verloor. Ons was nie seker wat die oorsaak was nie. Ons het vermoed hy het dalk die Sa. in 'n rugby wedstryd 'n hou teen sy kop gekry, maar M kon nie onthou dat hy 'n harde hou teen sy kop gekry het nie. Dr. Bhika het gevra dat M buite moet wag, hy wou alleen met my praat. Hy het vir my gesê hy kan dit nie oor sy hart kry om die slegte nuus vir M te vertel nie, maar die skade is onomkeerbaar, geen behandeling gaan help om sy sig terug te kry nie. Hy het gesê ons moet so gou moontlik by 'n oogspesialis uitkom.

Ons het gebel en dr. Frik Potgieter, 'n oogspesialis in Pretoria het gesê hy is vol geboek vir die dag, maar sal ons 17:00 sien. Hy het na sy oog gekyk en verskeie toetse gedoen. Hy het gesê die skade is in sy retina. Dr. Frik is nie 'n retina-spesialis nie, maar hy het al die inligting die aand vir dr. Louis Kruger gewys, 'n retina-spesialis. Dr. Frik het ook vir ons gesê sover hy weet is die skade permanent, maar hy sal ons bel as hy klaar met dr. Kruger gepraat het.
Die aand 21:30 het dr. Frik my gebel. Hy het gesê ons moet 10:00 die volgende dag by hom wees vir nog 2 toetse. Na die toetse sal hy besluit of ons M moet vat vir 'n breinskandering. Hulle is nie seker wat die skade veroorsaak het nie, hy wil seker maak dis nie 'n gewas of iets op sy brein nie.

Nadat ons 10:00 by dr. Frik was het ons dadelik na die ooginstituut gery. My skoonsus wat 'n oogkundige is by die ooginstituut het vir ons 'n afspraak gereël by dr. Marissa Willemse, 'n retina-spesialis. Hulle het 'n OCT gedoen en kleurstof in sy aar ingespuit. Sy en die oogkundige het altwee gesê dit lyk soos laser wat sy oë gebrand het. Dr. Willemse het dadelik die toetse vir dr. Kruger gestuur wat bevestig het dit is laser.

Die skade in sy regter-oog is baie, 80% van sy oog is beskadig. Die linker-oog het baie minder skade. Die laser het sy oë gebrand, dit het dele van sy oog vernietig. Hy het baie infeksie gehad in sy oë as gevolg van die laser se brand. Daarvoor het hy sterk antibiotika gedrink vir 6 weke. Die letsels van die brandwonde kan littekens vorm, wat ook jou sig belemmer, om dit te probeer keer het hy baie hoë dosis kortisoon gebruik vir 7 weke, hy het soos 'n blaasoppie gelyk van die kortisoon. Ongelukkig het die kortisoon 'n maagseer veroorsaak, daarvoor moes hy ook medikasie gebruik. Ons besoek dr. Willemse nogsteeds elke tweede of derde week. Sy hou die oë dop om seker te maak littekens vorm nie en dat die infeksie nie terug kom nie en dat sy oogsenuwee reg is. Ons doen ook weekliks 2 toetsies by die huis met hom.

Ek wil nie baklei nie. **Ek wil net hê julle moet asb. glad nie meer laser-liggies aan kinders verkoop nie.** Ons het dadelik die laser skool toe gestuur sodat al die kinders gewaarsku kan wees. Van die ouers wat my gebel het, het gesê niemand het hul kinders by die stalletjies gewaarsku dat dit gevaarlik is vir hul oë nie. Die een seuntjie wat een gekoop het saam met sy boetie is maar net 5 jaar oud. Nie ek, baie ouers en selfs van die oogkundiges en dokters het besef watter skade die laser-liggies in sekondes aan 'n oog kan verrig nie. Gaan kyk gerus op Youtube wat 'n 150 megawatt laser alles kan doen. Jy gaan geskok wees!
Dr. Bhika het ook die plaaslike koerantjie gekontak. Hulle het 'n groot voorbald artikel geplaas om almal te waarsku teen die laser-liggies.

Ek skryf nou eers vir julle, want my prokureur het my afgeraai. Ons het egter besluit om nie iemand te dagvaar of iets nie, alhoewel dit ons geweldig baie geld kos, ons het net 'n hospitaalplan. Ek verstaan julle sit met vooraad wat julle moes koop, maar ons uitgawes is verseker baie meer as jul skade om nie eers van my kind se oë te praat nie!!

Dr. Frik vat egter die saak verder. Hy is lid van OSSA. Hulle gaan die regering versoek om die laser te verban uit ons land, soos reeds in baie ander lande. Carte Blanch gaan ook moontlik die saak ondersoek. Op netwerk24 van 29 Maart was ook 'n artikel van 'n kind wat se oë deur 'n laser-liggie beskadig is.

Kontak my gerus as jy so voel.

Groete
Sarita

NETWERK24.COM (/) OLX (HTTP://WWW.OLX.CO.ZA) PRICECHECK (HTTP://WWW.PRICECHECK.CO.ZA) PROPERTY24 (HTTP://WWW.PROPERTY24.COM)
KALAHARI.COM (HTTP://WWW.KALAHARI.COM) CAREERS24 (HTTP://WWW.CAREERS24.COM) SPREE (HTTP://WWW.SPREE.CO.ZA) LESERSKRING (HTTP://WWW.LESERSKRING.COM)
MELD AAN (/ACCOUNT/LOGIN)

Spaar op jou motorversekering of kry R400 kontant
KRY 'N KWOTASIE
OUTSURANCE

MELD AAN (/profile) TEKEN IN (/subskripsie)
NETWERK24 Die nuwe tuiste van Beeld Die Burger Volksblad Rapport (/)
KONTAK (/kontak_ons) VOLG
21 °C

Nuusflitse Nigeriërs stem wyl skote klap (http://www.netwerk24.com/nuus/2015-03-29-nigerirs-stem-wyl-skote-klap) - Egiptenare 'brou bier in Israel' (http://www.netwerk24.com/nuu

TUIS (/VOORBLAD) NUUS (/NUUS) SPORT (/SPORT) SAKE (/SAKE) STEMME (/STEMME) KUNS EN VERMAAK (/VERMAAK) ONTSPAN (/ONTSPAN) MULTIMEDIA (/MULTIMEDIA) E-KOERANT (/WEBAPP/FEED/PRESSREADER/SEND/GO)
NUUS IN MY AREA (/AREA/GAUTENG) SOEK

(https://twitter.com/intent/tweet?

NUUS

Oogskade weens laserliggies 'epidemiese' afmetings in SA

Dié 'onskuldige' speelding 'hoort glad nie in skole'

Deur **Johan Eybers** | **Sondag 29 Maart 2015 16:00**



(http://redactor-images-live.s3.amazonaws.com/5516e656af9bb84f35000001.jpg)

Dit lyk soos 'n onskuldige speelding wat kinders wil hê, maar daar is nou al hoe meer gevalle waar laserliggies erge skade aan kinders aanrig.

Dr. Joanne Miller, 'n oogspesialis van Johannesburg, sê die skade wat deur laserliggies veroorsaak word, het nou "epidemiese" afmetings in Suid-Afrika bereik.

Dié liggies is omtrent oral by vlooimarkte en winkels beskikbaar, en word dikwels om professionele redes gebruik.

SKAKELS

GEWILDSTE

1.

INGE LOTZ-MOORD: 'HOU OP SKIMP EN BRING FEITE'
Hulle is besig om hierdie prakties kind (http://www.netwerk24.com/03-29-inge-lotz-moord-hou-op-skimp-en-bring-feite)

2.

ESKOM DRIL VIR RAMP
Eskom het in 'n landwye simulasie-oefening sy stelsels getoets vir die

© 2015 MEDIA24 - ALLE REGTE VOORBEHOU